Checkers Checkers
Jou gemeenskapskoerant is www.gemsbok.co.za - volg

# Gemsbok

RED-OX®
STEAKHOUSE
SINCE 2015
River Deck
now open for sundowners
Book your private or corporate functions now
Tel: 060 329 3806
NO MEAT NO LIFE

AgriPulse
North West & Northern Cape
Gratis
Binne / Inside
Tap here to read online



## Agri Presteerder vir 2023



## Paballelo geliefdes rus nou in riool

## Spoegwolf by die Kalahari Kuierfees!




Die meerkat is uit sy gat en die Kalahari Kuierfees is om die draai!

Na afloop van die sukses van verlede jaar se Kalahari Kuierfees op die Desert Palace Resort terrein, het Graatjie en die Feesdireksie besluit dat die spog terrein voortaan Graatjie en die gewilde Kalahari Kuierfees se tuiste sal bly. ***Spoegwolf*** sal onder meer die Kalahari Kuierfees-gangers op ***28 September 2023*** vermaak. Vir meer inligting kontak die Kalahari Kuierfees via hulleFacebookblad, stuur 'n whatsapp na 072 218 6554 of epos kalahari1@kuierfees.co.za.

- TOYOTA HILUX 2.4GD6 4X4 AUTOMATIC D/C LIMITED EDITION -
HILUX RAIDER X
Upington Toyota
VAT INCLUDED
R704 300



• Rubberised Loadbody
• Android Auto & Apple CarPlay
• Built-in WiFi connected
• Roll Bar Fitted
• Chrome Garnish
• Loadbin Cover
• Cruise Control
• Toyota Connect App
• Bluetooth Enabled
★ SERVICE PLAN INCLUDED: 9services/90 000km

WH 072 438 2266 | ZANE 081 399 6820 | LEANDRA 081 044 3078 | NEIL 060 438 7679 | KOBUS 079 679 3538 | KAREN 081 048 0975 | CORNELL 082 575 9717 | ZERICA 060 582 6363

Gemsbok
Mondstuk van die Noord-Kaap en Suidelike Namibië
9771680160001
R4
VAT INCL
8 September 2023
Gemsbok
GESTIG IN 1929

Dr Nelson Mandelarylaan 60
Upington
Tel: 054 332 6017
Faks: 054 332 3055
Epos: elsaj@gemsbok.co.za

# Emma- Een van Upington se talentvolle skilders



*Emma Freysen, die 16-jarige talentvolle kunstenaar van Upington.*

**GEMSBOK-UPINGTON: Neem gerus kennis van die naam Emma Freysen!**

Sy is maar net 16 jaar oud - maar lieweland kan diè jongkind vir jou met 'n kwas en verf toor!

Emma is beslis 'n groot talent!

Diè nederige en aantreklike meisiekind se kunswerke is van hoë gehalte en dit kan tans by 'n kunsuitstalling by die Hoërskool Duineveld gesien word.

Emma kom uit 'n familie wat bekend is vir hul kunswerke. Haar pa was 'n kunstenaar van die eerste water en haar tannie Marietjie Schultz en sussie Mia is ook mense wat briljant is met die kwas en verf, sê sy

Verlede jaar het sy vir die eerste keer by African Vineyard in Kanoneiland van haar werke uitgestal. Die reaksie daar was uit die staanspoor van sò 'n aard dat mense meer van haar wou weet omdat sy nog so jonk en betreklik onbekend is.

Emma skilder hoofsaaklik stillewe maar hou ook daarvan om gesigsketse te maak. Sy sè daar is 'n baie uitdagende en komplekse siening van kuns in Upington. Baie van ons mense neem kuns nie ernstig op nie. Min kunstenaars maak werklik 'n goeie en stabiele lewe uit hul kuns, is haar persoonlike mening.

"Die skilderkuns is my passie en ek geniet elke oomblik daarvan. Mettertyd leer en bemeester ek verskillende en nuwe tegnieke wat my baie opgewonde maak", sè Emma.

"Een van my heel beste kunswerke is die een wat ek noem "pot en vrugte". Dit is 'n werk van olieverf op doek. Ek hou verskriklik baie van dit omdat my gunsteling media olieverf is", sè sy met trots. Sy is ook baie gemaklik met potlood en dan is daar ook kunsstukke van akriel waarvan sy hou omdat dit 'n skoon en mooi effek op 'n mens se oog het, vertel sy.

Emma was 13 jaar oud toe sy ernstig begin skilder het. Sy geniet dit om ure lank aan 'n stuk te werk. "Dis vir my so lekker om te skets want dit laat my vergeet van skool en al die baie tuiswerk en eksamens. En wanneer die sketse vorm aanneem en ek sien dit lyk so goed maak dit my baie opgewonde", sè sy. Voor haar pa se sterfte het Emma 'n spesiale kunswerk vir hom gemaak wat hulle in sy kamer teen die muur opgehang het. "Dit was so roerend en emosioneel vir ons as gesin om dit spesiaal vir hom te doen."

Emma wil eendag aan Unisa studeer in die onderwys met 'n kunsrigting wat haar in staat sal stel om dit eendag aan haar leerlinge oor te dra.

Maar nou is dit eers skoolwerk, tuiswerk, skooltake en die hope eksamens wat vir hierdie jong en briljante kunstenaar van die Hoërskool Upington voorlè.

"Tans wil ek graag van my werke verkoop vir sakgeld. En dan is daar die droom om eendag my eie kunsskool te hè".











*Preston Smith en Vinette Fredericks.*

# Bokkies se boeke klop!

**GEMSBOK-SPRINGBOK: Die Hoërskool Namakwalandse graad 12 Rekeningkunde-Bokkies het verlede kwartaal aan die derde jaarlikse Vrystaat /Noord-Kaap Olimpiade, in samewerking met SAICA, deelgeneem.**

Hierdie rondte het 'n meerkeusevrae-formaat aangeneem.

Vyf van hulle leerders het vir die twee rondtes gekwalifiseer, naamlik Vinette Fredericks, Preston Smith, Paulus Simon, Nia van Wyk en Martino Baartman.

Hulle was die enigste leerders in die Namakwa-distrik wat deelgeneem het en het onlangs die tweede rondte geskryf.

Dit was 'n twee-uur-lange vraestel wat graad 12 se Rekeningkundige inhoud dek.

Vinette en Preston was albei baie suksesvol en het onderskeidelik eerste en tweede plek in die distrik behaal, asook tweede en vierde in die Noord-Kaap.

Hulle het albei kontantpryse en 'n sertifikaat by die prysuitdeling ontvang wat in Bloemfontein plaasgevind het. Vinette is ook 'n tablet ryker!

HSN is trots op hulle en kan nie wag om te sien wat hulle alles in die wêreld vermag nie!

# Sy kan boekhou!




*Juffrou CR du Plessis en Jo-Ann Martin*

Die Gekombineerde Skool Rietfontein se Jo-Ann Martin het deelgeneem aan 'n Nasionale Rekeningkunde Olimpiade kompetisie - waarvan sy die 1st plek behaal het in die ZFM Distrik. Sy is ook na afloop van die tweede rondte as wenner bekroon!

Die skool en gemeenskap wil vir haar baie geluk sê en dat hulle trots is op haar prestasie.

Sy is vergesel deur juffrou CR Du Plessis wat verantwoordelik is vir die vak Rekeningkunde.






# Sonskyn Intermediêre Skool leerders presteer

Die volgende graad 3-leerders van Sonskyn Intermediêre Skool van Marydale, het deurgedring na die volgende rondte van die Wiskunde - Olimpiade: Lee-Wayla Bob, Chanteleigh Malo en Quadrin Oliphant. Saam met hulle verskyn die prinsipaal mnr. J.W. Plaatjies en hul klasonderwyser, me. J.B. Jaar.



# !Kheis prioritiseer sanitasie met die aankoop van rioolvragmotor

**GEMSBOK-GROBLERSHOOP: Rdl Rolf Christie, burgemeester van !Kheis-munisipaliteit sê sanitasiedienste in !Kheis Munisipaliteit gaan aansienlik verbeter na die aankoop van 'n heuningvragmotor om gereeld riooltenks in Groblershoop en omliggende dorpe leeg te maak.**



Kort nadat 'n veelparty-regering die munisipaliteit in 2021 oorgeneem het, het skuld wat voorheen deur die voorheen bestuurde plaaslike regering aangegaan is - daartoe gelei dat die balju van die hof -'n aantal munisipale voertuie in beslag geneem het, insluitend die 'honey sucker' vragmotor en die vullisverwyderingsvragmotor.

Die oorgeërfde finansiële situasie het dienste grootliks tot stilstand gebring.

Die munisipaliteit kon die afgelope twee jaar net bekostig om heuningsuigdienste vir een of twee weke per maand uit te kontrakteer, teen 'n koste van R25 000 per week. Dit het gelei tot 'n agterstand in sanitasiedienste.

Dit het ook gelei tot 'n situasie waar hulpbehoewendes moes betaal om hul riooltenks te laat leegmaak.

Die onlangse aankoop van 'n honey sucker vragmotor om Groblershoop, Boegoeberg, Wegdraai, Topline en Grootdrink te bedien, is 'n belangrike stap in die rigting van die herlewing van dienslewering in !Kheis.

"Om ons eie vragmotor te hê beteken dat ons deur die maand sanitasiedienste sal kan verrig. Ons verwag dat die sanitasie-agterstand teen die einde van September uitgewis sal wees. Ons sal ook gesubsidieerde dienste vir behoeftiges kan herstel, wat die las op ons armste inwoners verlig." skryf Christie.

!Kheis-munisipaliteit het onlangs ook 'n vullisverwyderingsvragmotor gekoop om lang uitstaande vullisverwyderingsdienste oor die hele !Kheis te herstel.


MAASDORP VAN WYK SHUTTLE / TAXI

Vertrek uit Upington Sondag, Maandag, Woensdag en Vrydag

Vertrek uit Kaapstad Sondag, Maandag, Woensdag en Vrydag

MAASDORP VAN WYK SIMPLY THE BEST

• Patrick 083 555 0203
•Desmond 078 948 9415
•Kaap kantoor: Margie • 078 644 3535


# Oortydvergunnings word misbruik

**GEMSBOK-UPINGTON: Jan Assegaai 'n raadslid van die Dawid Kruiper Munisipaliteit het sy kommer oor die "onbeheerde misbruik van oortydbetalings in Dawid Kruiper-munisipaliteit", uitgespreek.**



Hy meen dit het vererger ná onthullings dat sekere werknemers hul salarisse met na-uurse werk verdubbel.

Betaalstrokies van twee algemene werkers, wat deur Assegaai gesien is, dui aan dat hierdie personeellede twee keer hul salaris verdien - te danke aan oortyd. "Hulle het trouens só afhanklik van oortydbetalings geword dat hul maandelikse aftrekkings - hul maandelikse salaris oorskry. Dit is kommerwekkend en wys dat buitensporige oortydbetalings in die stelsel verskans geraak het. Dit laat ook vrae ontstaan oor die motief agter oortydwerk, asook die tipe werk waarvoor mense oortydbetalings eis. Dit blyk dat oortyd 'n manier geword het om salarisse aan te vul - eerder as om dienslewering te verbeter." skryf Assegaai.

In 'n sekere mate dui buitensporige hoë oortydkoste ook op die gebrek aan geskikte personeel, benewens 'n gebrek aan werkende munisipale voertuie om die lewering van dienste te vergemaklik.

In hierdie verband sou oortydbetalings wat altesaam R2 miljoen in Junie beloop het en R1,9 miljoen in Julie, baie meer waarde vir geld verskaf het as dit eerder aangewend was om meer vaardige werknemers aan te stel om dreine te ontblokkeer en waterlekke te herstel, as om salarisse te verhoog sonder dat dienslewering verbeter.

Sommige raadslede het by verskeie geleenthede hulle kommer oor Dawid Kruiper se onaanvaarbare hoë oortydbetalings in die komitee én in die raad uitgespreek.

"Ons het ook voorheen 'n verbintenis van die ouditeur-generaal verkry om die oortydkwessie by die jaarlikse oudit in te sluit."

Die voortdurende versuim deur die munisipaliteit om steeds die hoë oortyduitgawes aan te spreek, is in stryd met die munisipaliteit se herhaalde belofte om oortyd te verminder.

"Ons sal die saak dus na die Munisipale Openbare Rekeningekomitee verwys. Diegene wat die oortydstelsel misbruik, moet aanspreeklik gehou word en die gemanipuleerde oortydbetalings terugbetaal." skryf hy.




# Paballelo geliefdes rus nou in riool

**GEMSBOK-PABALLELO: Wanneer die geliefdes van oorledenes wat in die Paballelo begraafplaas ter aarde bestel is, hulle nou wil besoek, moet hulle die stank van riool trotseer om by die grafte te kom.**

Inwoners kla glo lank reeds oor die gemors in die begraafplaas, wat oortrek is met rou rioolwater.

Volgens inwoners kan die plaaslike munisipaliteit vinnig spring om die begraafplaas, vir "belangrike" begrafnisse soos die familie-lede van hooggeplaasdes en hulle kaders, "reg te ruk".





Sodra die begrafnis verby is, keer die riool en gemors terug en die gepeupel moet maar daarmee saamleef.

Dit blyk asof die munisipaliteit nie tans oor enige volhoubare aksieplanne vir die probleem beskik nie.

Hier rus vryheidsvegters, volksleiers en geliefdes uit die geskiedenis van Paballelo - Maar of hulle in vrede kan rus word sterk betwyfel - aangesien hulle grafte met riool deurdrenk word.

Dawid Kruiper Munisipaliteit het onlangs R45 201 475.88 moes opdok - om die rioolwerke op standaard te kry, maar daar sal nog miljoen spandeer moet word om die kapasiteit van die Upingtonse rioolstelsel infrastruktuur op datum te bring.

Die infrastruktuur is nie opgewasse vir die bevolkingsgroei nie.


Ons volgende 2023 besoek by LENMED PRIVAAT HOSPITAAL KATHU is:

9 NOVEMBER 2023

*Katarak *Gloukoom *Pterygium
*Makulêre Verkalking
*Diabetes (Suikersiekte)
en ander oogprobleme
*Laser (Vir verminderde bril afhanklikheid

Vir afsprake:
UPINGTON/KATHU: 054 332 3989

KALAHARI KATARAK, OOG & DAG TEATER UPINGTON

DR ERHARDT D KIDSON
MB CHB(Stell), Dip OPHTH(SA), FC OPHTH(SA)
OOGSPESIALIS / EYE SURGEON

Upington BETON
Oprigting van Beton omheinings
Fred Koegelenberg
Sel: 082 5686 990
Tel: 054 332 1083

KALAHARI CATARACT, EYE & DAY THEATRE
SPESIALISTE OP PERMANENTE EN BESOEKENDE BASIS ONDERSKEIDELIK VIR 2023

| | | | |
|---|---|---|---|
| Dr Erhardt Kidson | PERMANENT | Oftalmoloog/Oogarts | 054 332 3989 |
| Dr Jaco Terblanche | 04 - 08 SEPT 2023 | Oor; Neus en Keel Spesialis | 021 900 6590 |

NETCARE You're in safe hands

Kalahari Cataract, Eye & Day Theatre
13 Du Toitstraat, Upington
Northern Cape, 8801
Tel: 054 332 3989

Operating Hours:
Mon - Fri: 07:00 -- 16:00
Saturday, Sunday and Public Holiday Closed

MEDICROSS MEDICAL CENTRE All the quality care you need.

*Inskrywings moet die kantoor binne 13 dae na die datum van publikasie bereik. Slegs oorspronklike koerantuitknipsels word aanvaar.*

**Dankie vir inskrywings, maar geen korrekte Sudoku is ontvang nie.**

Gaan haal u R100 Vrydae af by die Multi Prof Sentrum, Markstraat 71

## Sudoku # 729

Wen R100 van KSG Makelaars

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 9 | 1 | | | 2 | 7 | | | 4 |
| | | | 1 | | | 7 | | 5 |
| | | | | | | | 9 | |
| | 7 | | | | 1 | 3 | | |
| 1 | | | | 5 | | | | 8 |
| | | 8 | 7 | | | | 4 | |
| | 3 | | 9 | | | 2 | | 6 |
| | | 1 | | | 4 | | | |
| 7 | | | 2 | 1 | | 4 | | |

Naam & Van: ..............................

Adres: ..............................

Tel no: ..............................

ID no: ..............................

## Blokraai 25-08

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| P | I | E | B | A | L | D | | M | O | T |
| E | G | | A | R | I | A | | | M | A |
| S | L | A | N | K | | A | B | B | A | |
| E | O | | A | E | O | N | | E | R | G |
| T | O | G | A | | | | E | K | | E |
| A | | O | L | Y | W | E | | A | P | E |
| | O | P | | | | T | A | F | E | L |
| O | M | S | I | E | N | | R | | | |
| O | K | E | R | | O | P | M | A | R | S |
| G | O | | I | A | S | O | | | E | A |
| | M | E | S | M | E | R | I | S | E | |


## Answer: # 727

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 9 | 1 | 8 | 2 | 7 | 5 | 6 | 4 | 3 |
| 4 | 2 | 6 | 3 | 1 | 8 | 5 | 7 | 9 |
| 5 | 7 | 3 | 6 | 4 | 9 | 2 | 8 | 1 |
| 3 | 9 | 4 | 8 | 6 | 1 | 7 | 5 | 2 |
| 2 | 6 | 5 | 7 | 9 | 3 | 8 | 1 | 4 |
| 7 | 8 | 1 | 4 | 5 | 2 | 3 | 9 | 6 |
| 6 | 4 | 9 | 5 | 2 | 7 | 1 | 3 | 8 |
| 8 | 5 | 2 | 1 | 3 | 4 | 9 | 6 | 7 |
| 1 | 3 | 7 | 9 | 8 | 6 | 4 | 2 | 5 |

KSG Makelaars gee die week R100 aan ons Blokraai-wenner C H Schreiner, Leeukopstraat 115, Rosedale

Gaan haal u R100 Vrydae af by KSG se kantoor in die Multi Prof Sentrum, Markstraat 71

## Blokraai no 08-09



**Dwars/Across**
1. Manage successfully.
4. Aal.
9. Perd.
10. Met 'n naald en wol werk.
11. Groot plaasharke.
12. Long poem or story.
14. Walk doggedly.
16. Yslik.
19. Behorende aan jouself.
21. Besonder mooi.
24. Voedsel.
25. Heelwat van hulle in Amerika.
27. Kussingbedekkers.
28. Meet filmspoed daarin.
29. Short for edition.
30. Mitiese songod.
32. Worshipped image.
35. Spil.
37. Erlang.
39. Graansoort.
40. Holtes in mure.
41. Dit is met 'n drenkeling gedoen.

**Af/Down**
1. Fabric with wrinkled surface.
2. Onbedek.
3. Gees.
4. Type of monastery.
5. Afrikaans/English (abbr).
6. Gesigsdeel.
7. Voorsetsel wat nuut beteken.
8. Formidable.
13. Short for credit.
15. Bybelfiguur.
17. Uitspreek.
18. Koffers.
20. 'n Ding.
22. Wettige.
23. Request earnestly.
24. Short for Saint.
25. Duiwel.
26. Bloedvat.
30a. 'n Bietjie.
31. Insek wat nie ver is nie.
33. Mannetjiesby.
34. Gevaarlike dwelm.
36. Ja in Spaans.
38. Betreffende.

R100 kontant is vir 'n gelukkige wenner op die spel. Vul die raaisel in en handig dit in. Posinskrywings sal ook aanvaar word.

Naam & Van: ..............................

Adres: ..............................

Tel no: ..............................

ID no: ..............................

# Agri Presteerder vir 2023

**GEMSBOK-UPINGTON: Morney Titus van die plaas Styrkraal is aangewys as die Agri Presteerder van die Jaar 2023.**

Die kompetisie, wat in 2002 in die Wes-Kaap begin is, is gestig om erkenning te gee aan die waardevolle en belangrike bydrae van die landbouwerker tot die volhoubaarheid en groei van landbou.

Sedert 2010 het die Oranjerivier Produsente Alliansie (ORPA) die eerste kompetisie in die Benede Oranjerivier-streek gehou. Hierdie jaar was daar 75 inskrywings in totaal. 21 Plaaseenhede het ingeskryf. Capespan het byvoorbeeld 5 plase ingeskryf en Rooipad drie plase, so agt hoofplase se landbouwerkers in die verskeie kategorië is genomineer, naamlik:

* Administratiewe Personeel
* Algemene Werker
* Besproeiingspesialis
* Junior Bestuur
* Trekkerdrywer
* Middel Bestuur
* Senior Bestuur
* Sosiale Ontwikkeling:
* Tegniese Operateur

Orffer & van der Merwe Human Resource Practitioners het weer die kompetisie behartig saam met 'n span beoordelaars. Die prysuitdeling, bygewoon deur die verskillende plase se landbouwerkers, bestuurders en eienaars, asook Steffen Cornelis en Julius Khohli van Dept. Arbeid.

Die prysuitdeling is by African Vineyard op Kanoneiland gehou waar almal heerlik saam gekuier het.

Die borge is Old Mutual: Pieter Nel; Omnia: Willem Pool en Orffer & van der Merwe – hoofprys vir Algehele Wenner: Bedryfstoer: Wes-Kaap

**Hier volg die wenners in elke kategorie:**

**Administratiewe Personeel**
1ste Plek – Elratha Beukes (Oorkant)
2de Plek – Sarah Swartz (Tierkop)
3de Plek – Matshediso Ivy Phakedi (Yarona)

Algemene Werker
1ste Plek – Matseleng Sinah Mogorosi (Oorkant)
2de Plek – Ditiro Wellington Kabelo (Sonvrucht Farm)
3de Plek – Mosimaneorileng Elvis Motlagosele (Valam)

**Besproeiingspesialis**
1ste Plek – Monkgogi Botan Maogwe (Oorkant)
2de Plek – Mosimaneotsile George Galoshajwe (Avignon)
3de Plek – Tumelo Lekwene (Norriseep)

**Junior Bestuur**
1ste Plek – Morney Titus (Styrkraal)
2de Plek – Matlhomola Tuis Telekelo (Norriseep)
3de Plek – Lentikile Batlhaping (Avignon)

**Trekkerdrywer**
1ste Plek – Tshekolo Eric Othibeng (Valam)
2de Plek – Moikanyi Jefrey Mebalo (Oorkant)
3de Plek – Frans Maleko (Triple D,OB2)

**Middel Bestuur**
1ste Plek – Thabang Nicolas Seitshoko (Valam)
2de Plek – Petronella Josephine van Wyk (Galactic Deals)
3de plek word gedeel
3de Plek – Thabo Seané (Triple D, OB1)
3de Plek – Edwin Oshupile (Triple D, OB2)

**Senior Bestuur**
1ste Plek – Clemens Terblanche (Styrkraal)
2de Plek – Gert Malgas (Oorkant)
3de Plek – Pule Seleke (Triple D, OB2)

Sosiale Ontwikkeling:
1ste Plek – Setjhaba David Thekiso (Oorkant)
2de Plek – Mario Isaacs (Valam)
3de Plek – Keatlholetswe Lucricia Mocwane (Norriseep)

**Tegniese Operateur**
1ste Plek – David Fourie (Yarona)
2de Plek – Johane Honest Gaolaolwe (Styrkraal)
3de Plek – Jas Kaing (Roepersfontein)

**** Nog foto's op bl. 8



*Morney Titus van die plaas Styrkraal is aangewys as die Agri Presteerder van die Jaar 2023. Die voorsitter van ORPA, mnr. Gabriel Viljoen het die trofee aan hom oorhandig. Mnr. Viljoen is ook die eienaar van Styrkraal.*



*Van links is mnr. Marius Orffer, saam met senior bestuur wenners Gert Malgas, 2de plek van Oorkant en Clemens Terblanche, 1ste plek. Regs staan Gabriel Viljoen van ORPA.*



*Mnr. Pieter Nel van Old Mutual is hier by die administratiewe wenners: 3de Plek – Matshediso Ivy Phakedi (Yarona), 1ste Plek – Elratha Beukes (Oorkant) en 2de Plek – Sarah Swartz (Tierkop)*

# ATKV-Tienertoneel: Grenslose nasionale finaliste bekend

**GEMSBOK-KAKAMAS: Die 59ste ATKV-Tienertoneel was vanjaar grensloos, met 3 200 tieners wat hul stories tydens agt streeksfeeste landswyd vertel het.**

195 Produksies van regoor Suid-Afrika het nie op die planke teruggehou nie en die mentorbeoordelaars was weereens verstom oor die gehalte en kreatiwiteit waarmee vandag se tieners teaterproduksies aanpak.

Een van die top 10 tien produksies was Bulldozer deur die Hoërskool Martin Oosthuizen in Kakamas

Marlo Minaar, een van vanjaar se mentorbeoordelaars, meen dat die talent wat tydens ATKV-Tienertoneel te sien is, bemoedigend is sover dit die toekoms van Suid-Afrikaanse teater betref.

ATKV-Tienertoneel se unieke aanbiedingsformaat ontwikkel die jeug se liefde vir toneelspel deurdat die deelnemers aan elke produksie na afloop van hul optrede met mentorbeoordelaars, wat hul merk maak in die vermaaklikheids- en tersiêre-onderrigbedryf, in 'n tweerigtingsgesprek tree en saam kopkrap oor die tieners se produksies. Vanjaar se mentorbeoordelaars was Marijda Kamper, Mari Molefe van Heerden, Marlo Minnaar, André Lotter, Jacques Bessenger, prof. Marié-Heleen Coetzee, Lindsey Cele, Ilana Cilliers, Wilhelm van der Walt en Solomon Cupido.




*Een van die top 10 tien produksies was Bulldozer deur die Hoërskool Martin Oosthuizen in Kakamas. Hier is 'n foto uit die optrede.*

## HMO is onder top 10

Met ATKV-Tienertoneel word leerders soveel geleenthede moontlik gegee om by alle aspekte van 'n toneelstuk betrokke te raak, met ander woorde, by die spel, regie, skryf, kostuums, dekor, grimering, klank, beligting, verhoogbestuur, choreografie en selfs bemarking!

JJ van Niekerk, projekorganiseerder van ATKV-Tienertoneel, is daarvan oortuig dat die toekoms van die kunste in Suid-Afrika gesond en grensloos is.

Die top-10 produksies, asook die twee beste produksies met slegs leerders, word genooi na die nasionale finaal, wat tussen 3 en 6 Oktober in die Lyric-teater by Gold Reef City in Johannesburg plaasvind.

Totale prysgeld van R75 000 word vanjaar uitgeloof en die beste van die bestes word tydens 'n spogprysuitdeling op 6 Oktober gekroon.

DIE TOP-10 PRODUKSIES WAT NA DIE NASIONALE FINAAL DEURDRING, IS AS VOLG:

– Mac & Beth deur die Helpmekaar Kollege in Johannesburg
– DIE S-EFFEK deur die Hoërskool Durbanville in Durbanville
– Bulldozer deur die Hoërskool Martin Oosthuizen in Kakamas
– Praat gou weer deur die Hoërskool Jan van Riebeeck in Kaapstad
– As die sinkdakke kon skree deur die Hoërskool Noordheuwel in Krugersdorp
– 23KG deur die Hoërskool Parel Vallei in Somerset-Wes
– Wegwêreld deur die Hoërskool Parel Vallei in Somerset-Wes
– Vry deur die C&N Sekondêre Meisieskool Oranje in Bloemfontein
– LYF deur die Hoërskool Noordheuwel in Krugersdorp
– Tussen die lang grasse deur die Hoërskool Hugenote in Springs

DIE TOP-2-PRODUKSIES MET SLEGS LEERDERS, WAT SAKE TYDENS DIE NASIONALE FINAAL MOET UITSPOOK, IS:

– Slaansak deur die Hoërskool Parel Vallei in Somerset-Wes
– Liewe Anna deur die Helpmekaar Kollege in Johannesburg

Die beste slegs-leerders-produksie stap weg met 'n kontantprys van R10 000. Kaartjies vir die ATKV-Tienertoneel-finaal is vanaf Woensdag 6 September by Webtickets beskikbaar.

Hou die ATKV se webwerf en sosialemediablaaie dop vir meer inligting oor die ATKV-Tienertoneel se nasionale finaal en moenie hierdie spoggeleentheid misloop nie.






# Toyota Vloedherdenking - 'n Jaar later

**Ons is terug in volle swang! Ons mure het 'n nuwe laag verf op en ons fondasie is sterker as ooit vantevore. April 2022 was in die geskiedenis opgeteken as die grootste ramp in die Toyota rekords tot op hede. Die Kwa-Zulu Natal vloede het die hele fabriek in Durban tot op sy knieë gebring. Die 87-hektaar perseel was onder 1.5m water binne 'n bestek van 'n uur.**



Andrew Kirby, CEO and President

Danksy Toyota se onwrikbare band met sy mense kon ons sterker en beter as ooit tevore aan die ander kant uitkom. Elke personeellid en spanspeler vorm saam die Toyota naam - veërkragtig, vasberade, getrou en veral taaier-er as wat die wêreld na ons kant toe kan gooi. Alhoewel die skrif teen die mure was, het ons, ons kop hoog gehou en met 'n hart vol hoop die moeilike situasie aangepak. Saam het ons die no.1-posisie in die mark behou en is ons steeds trotse markleiers in die motorbedryf.

Soos ons hierdie maand terugkyk na 2022, reflekteer ons op hoe vêr ons al gekom het sedert die gebeurtenisse in Kwa-Zulu Natal. Na die dae toe die vertoonvloer leeg gestaan het en produksie tot stilstand gekom het, kan ons nou met groot opwinding aankondig dat ons weer op die bal is! By Upington Toyota het ons die voertuig wat al jou boksies afmerk, jou verwagtinge oortref en dieper in jou hart kruip as jou ma se kos. Die legendariese Toyota reeks voertuie is al dekades deel van talle huishoudings en jaar in en jaar uit word die Toyota naam gekenmerk aan kwaliteit, veiligheid en betroubaarheid.

Hierdie is 'n storie van hoop en geloof wat vertel dat ten spyte van groot verliese kan ons saamstaan en met 'n dankbare hart verkondig dat Toyota nie 1 enkele werknemer verloor het tydens die ramp nie. Ons lojale span het saam met die gemeenskap en bouers die fabriek weer opgebou tot sy volle glorie. Dit het gelei tot 'n merkwaardige en spoedige herstel en in 1 jaar se tyd kraai Toyota weer koning oor 'n 26.7% markaandeel. Die Hilux is steeds die land se "Best Selling vehicle" gekroon en op daardie noot wil ons graag ieder en elk uitnooi om by Upington Toyota 'n draai te kom maak - jy stap net dalk vandag weg met jou eie wonderwerk op 4 wiele!





Ongeveer 88% van die voertuie wat op die perseel in Durban was, is afgeskryf as gevolg van die vloede en skade. Daar is bereken dat 70 000 verkoopseenhede verlore gegaan het in die tyd wat die fabriek buite werking was. Tydens die ramp in 2022 het Toyota verliese van ongeveer R28-miljoen gely met die tydelike sluiting. Ongeag die verlies was Toyota se fokus eerste op sy gemeenskap. Die huishoudings wat nie net huise verloor het nie, maar ook familielede en herinneringe. 'n Totaal van R90 700 is geskenk aan Gift of the Givers om die Kwa-Zuku Natal inwoners by te staan met komberse en warm maaltye in die tyd van nood en onsekerheid. Ons prioriteite was bankvas: eerste die welstand, veiligheid en gesondheid van ons gemeenskap. Tweede om 'n ondersteuningspilaar te wees vir verskaffers en omliggende gemeenkappe. Laaste en nie die minste nie, was die herstel van die fabriek en om bedrywighede weer aan die rol te sit.

Die leiers van TSAM het noodsaaklike ondersteuning en standvastigheid gebied waarsonder ons nie so effektief die ramp sou kon hanteer nie. Andrew Kirby, die President en CEO van TSAM, het dadelik vir Vodacom Business Group geskakel om tydelike kommunikasiekanale op te stel sodat daar effektiewe kommunikasie kan plaasvind tydens die herstelproses. Die jong leiers van Toyota het met waardevolle insig en wysheid uitgestyg na afloop van die ramp. Vir 'n geruime tyd het 10 water-lorries die perseel besoek met 20 000L water, ongeveer vier keer 'n dag, elk om vars water te voorsien vir personeel, helpende hande en die nabye omgewing.



Die senior vise-president, David Finch, het die tydperk so mooi opgesom: "It was a wonderful team effort where everybody worked together for a common goal and in line with our slogan of Rebuilding Better Together."

Tydens die krisistyd was daar geen elektrisiteit of water beskikbaar vir die fabriek nie, daarom kon daar net in dagure werk plaasvind. Dit het drie weke geneem net om weer elektrisiteit aan te lê tot die fabriek, met niks minder as 77 kragopwekkers op die perseel om "emergency power" te stoor. Dit het vier weke gevat om weer skoon, lopende water tot die perseel te lei as 'n gevolg van die skade tot die Isipingo Hills Reservoir wat erge skade gelei het weens die vloede. Toyota het ten spyte van die omstandighede bly staan! Die wonderbaarlike herstel van die fabriek is te danke aan die mense: die wat 'n emmer gevat het en help skoonmaak het, die wat kospakkies aangedra het vir die gemeenskap, wat komberse uitgedeel het aan die persone wat sonder dak gesit het. Dankie vir julle! Saam met Gift of the Givers het die Toyota Knights altesaam 300 kospakkies, maskers en komberse uitgedeel in die informele nedersettings (bv. Dakota). Die personeellede wat gely het aan trauma was berading voor gebied en Toyota het elkeen ondersteun met 'n welsynsprogram. Ons het die silwerrandjies om die wolke gesoek (en gevind!) Tydens die sluit van die fabriek en intensiewe herstelproses, is verskeie verbeteringe gemaak tot die fabriek. Die nood en onsekerheid het 'n omgewing van innovasie en kreatiwiteit geskep waar spanlede en bestuurders oplossings kon vind vir huidige dilemmas en krisisse. "Rebuilding Stronger Together."

Na om en by 16 weke van bloed, sweet en trane is die produksielyn weer gereed om drome te bewaarheid! Stelselmatig is die lyne heropen, onder andere die Hilux-, Fortuner-, Corolla Quest- en Corolla Cross-modelle. Baie dankie aan die lojale Upington Toyota familie wat geduldig gewag het saam met ons vir die produksie om weer opdatum te kom - mense is die fondasie van die Toyota handelsmerk, weereens dankie.




Upington Toyota se topklas span het die passie, ywer en kennis om jou by te staan in enige situasie. Ons het mobiliteits-oplossing wat jou sak pas. Kom bespreek 'n diens vandag nog vir jou geliefde Toyota om seker te maak hy loop reg. Altyd reg.

**Die handelaarskap wat jou eerste stel.**
**Upington Toyota. 054 337 7100**

**LONG TERM UNITS TO LET IN POFADDER**

**Long term accommodation available at Pofadder Lodge (Kleinplasie)**

DSTV or Openview option, Safe secure parking, Swimming pool. Rooms are serviced three times a week. Laundry available, WIFI, Generator, Braai area. Self-catering or Meals available.

**From R12 000pm**

**Please contact Gilbert on 054 933 0003 / 084 425 2324 or Wanita on 083 793 3971**

**MERBEIN STOKKIES**
**Rivierkop Boerdery**
**Gewortel**
**Puik kwaliteit, sterk en gesond!**
**BESTEL VROEGTYDIG**
**Beskikbaar vanaf Aug/Sept**
**Kontak:**
**Johan Theron:**
**082 920 5890**
**jptheron@lantic.net**

ARE YOU AN SMME IN THE CREATIVE AND CULTURAL SECTOR?
CREATING JOBS AND SOCIAL IMPACT THROUGH YOUR PROJECT?
APPLY FOR PESP4
**BASA PRESIDENTIAL EMPLOYMENT STIMULUS PROGRAMME GRANT FUNDING**
To apply, please visit **basa.co.za** and click on the **"Grants"** tab before **22 September 2023**
For more information you can email **PESP@basa.co.za** or contact **0674213540**
BUSINESS AND ARTS SOUTH AFRICA | sport, arts & culture Department: Sport, Arts and Culture REPUBLIC OF SOUTH AFRICA | PRESIDENTIAL EMPLOYMENT STIMULUS

## - PROMOSIE ARTIKEL - PROMOSIE ARTIKEL

# Geswartlys? Só kan ek help

## Maria van der Wath

**GESWARTLYS? EK KAN HELP -Soos met baie besighede het Covid teweeg gebring dat ek die diens, wat ek aan die publiek gelewer het, om hulle krediet profiele in ere te herstel, gestaak het.**

Vanaf 15 Augustus 2023 is die lyne egter weer oop en wil ek graag my diens aanbied, aan enige persoon wat 'n probleem met sy krediet profiel ondervind.

Om jou naam "skoon" te kry soos dit genoem word MOET jou rekeninge ten volle vereffen wees. Geen kredietburo sal jou rekening verwyder sonder n opbetaalde brief van die instansie aan wie jy geskuld het nie.

Die probleem is egter Jan Publiek wat reeds in die nood is word misbruik deur besighede wat duisende rande vra, om die werk te doen, dan word dit nie eers gedoen nie. Die 2de probleem is mense wat telefonies onder Debt Review gegaan het reeds omdat hulle finansieel in die verknorsing is en gryp na die woord wat gebruik word "verminderde maandelikse paaiemente". Hulle lig jou egter nie in oor al die kostes nie.

Sou jy na 'n Skuldberader toe moet gaan, gaan na 'n plaaslike persoon wat jy in die oë kan kyk en al jou vrae kan vra. Daarvoor kan julle 2nd Change kontak- Alivia 054 331 1626.

My diens sluit in, trek van kredietprofiele, opvolg en bekom opbetaalde briewe, onderhandelinge met onderskeie kredietburo's, opvolg en verwydering van rekeninge wat geswartlys is.

Indien jy egter nie seker is wat gaan aan op jou kredietprofiel nie is dit altyd goed dat al jou profiele getrek word, dan weet jy ten minste wat jou probleem en waarnatoe moet jy werk om sodoende jou naam in ere te herstel.

**Kontak my gerus by 0825638263 of stuur n epos na maria@vdwath.co.za**


SIGN UP FOR MORE!
MORE SAVINGS. MORE WINS. MORE FOR YOU.
Exclusive to SPAR Rewards customers.
SPAR
SPAR Rewards More for You
SPAR Rewards deals: Valid from 5 - 10 September 2023. Maximum 10 per customer. While stocks last.
For customer queries call: 080 007 9610
Thirsti Still Water 5 litre
WITH CARD BUY 2 FOR 30.00 SAVE R18
Bokomo Weetbix 450 g
WITH CARD 24.99 each SAVE R12
HUGGIES DIAPERS EVERY THURSDAY Get R20 off each
Huggies Dry Comfort Nappies Value Pack Assorted Sizes
WITH CARD 129.99 per pack SAVE R80
Jacobs Kronung Coffee Bottle 200 g or Refill 230 g (Excl. Decaf)
129.99 each
NEW and EXCLUSIVE to SPAR
Fair Cape UHT Full Cream, Low Fat or Fat Free Milk 4 x 1 litre
63.99 per pack
Eskort Shoulder, Diced or Round Cut Bacon 200 g
29.99 each
Nola Mayonnaise 750 g
32.99 each
tops! at SPAR
THE HIGHLIFE
WIN YOUR SHARE OF R2 MILLION IN PRIZES
COMPETITION VALID FROM 8 AUGUST - 1 OCTOBER 2023.
FOR MORE INFO VISIT: WWW.TOPSATSPAR.CO.ZA/HIGHLIFE.
T'S & C'S APPLY.
BUY 2 FOR 70.00
1659 Red Blend, Sauvignon Blanc, Sweet Red or Sweet Rose 750 ml
59.99 each
Esprit Coolers Assorted 6 x 300 ml
For your nearest TOPS at SPAR store, phone our share call number 0860 31 3141 or visit www.topsatspar.co.za.
Specials available at all TOPS at SPAR stores up to and including 10 September 2023, while stocks last. We reserve the right to limit quantities. Price and product availability may vary by region. Prices include VAT. No traders please.
TOPSatSPAR
#NO 18 aware!org www.aware.org.za
Not For Persons Under The Age Of 18.
My Fresh choice
SERVING SUGGESTION
freshline
Freshline Pineapples 1's
9.99 each
freshline
Freshline Mixed Mushrooms 350 g
29.99 each
SERVING SUGGESTION
My Butcher's choice
SERVING SUGGESTION
Bulk Lean Beef Mince
89.99 per kg
Individually Wrapped Chicken Breast Fillets 12-piece
89.99 per kg
SERVING SUGGESTION
31 July – 15 October 2023. T's & C's apply. See in-store for more details.
Start collecting today!
BORETTI
SHOP • COLLECT • SAVE up to 84%
The BORETTI BRAAI COLLECTION IS HERE!
Only at SPAR
SPAR
SUPERSPAR
KWIKSPAR
Specials available up to and including 10 SEPTEMBER 2023 at all SPAR & SUPERSPAR stores in the Western Cape incl. Kakamas, Springbok, Port Nolloth, Kalahari Mall, Calvinia, Victoria West, River City, Carnavon & Brays (Keimos), Selected KWIKSPAR stores, excluding SPAR Express and SaveMor stores. Excludes store in George, Knysna & Plettenberg Bay. Selected products may not be available at all stores. While stocks last. Prices include VAT. No traders. E & OE. No wine or pork is sold in Halaal stores.
For more info: www.spar.co.za
Find us on /SPARWesternCape
TBWASWC2119




In liefdevolle herinneringe aan ons Geliefde

**Barend Samuels**

Met u tweede verjaarsdag in u Hemelhuis

U LEWE HOU AAN OM ONS TE INSPIREER

VAN U GELIEFDE GESIN

# Agri Presteerders vir 2023 aangewys



Tegniese Operateur: 3de Plek – Jas Kaing (Roepersfontein)
1ste Plek – David Fourie (Yarona)
2de Plek – Johane Honest Gaolaolwe (Styrkraal)



Algemene Werker: 1ste Plek – Matseleng Sinah Mogorosi (Oorkant), 2de Plek – Ditiro Wellington Kabelo (Sonvrucht Farm)3de Plek – Mosimaneorileng Elvis Motlagosele (Valam). Regs staan mnr. Steffen Cornelis van Dept. Arbeid.



*Besproeiingspesialis:*

*3de Plek – Tumelo Lekwene (Norriseep)*

*1ste Plek – Monkgogi Botan Maogwe (Oorkant)*

*2de Plek – Mosimaneotsile George Galoshajwe (Avignon)*

*Regs staan mnr Julius Khohli van Dept. Arbeid.*



*Middel Bestuur:*

*2de Plek – Petronella Josephine van Wyk (Galactic Deals)*
*1ste Plek – Thabang Nicolas Seitshoko (Valam)*



*Junior Bestuur: 2de Plek – Matlhomola Tuis Telekelo (Norriseep)*
*3de Plek – Lentikile Batlhaping (Avignon)*
*1ste Plek en algehele wenner – Morney Titus (Styrkraal)*
*By hulle staan Elzaan Lombard, kantoorhoof van ORPA*



*Trekkerdrywer*
*1ste Plek – Tshekolo Eric Othibeng (Valam)*
*2de Plek – Moikanyi Jefrey Mebalo (Oorkant)*



*Sosiale Ontwikkeling:*
*1ste Plek – Setjhaba David Thekiso (Oorkant)*
*3de Plek – Keatlholetswe Lucricia Mocwane (Norriseep)*
*2de Plek – Mario Isaacs (Valam).*
*By hulle staan Christa Silver, Werwingsbeampte van Orffer & van der Merwe Human Resource Practitioners*

**Netwerk Koeriers**

**U eerste keuse in Koerierdienste**

Flink oornagdiens teen die beste pryse na:

- Wes-Kaap (Roete N7 na Vredendal)
- Suid-Kaap (Roete N1 & N2 na George)
- Oos-Kaap (Roete N2 na Port Elizabeth)
- Noord-Kaap (Roete R27 na Upington)
- Namakwaland (Roete N7 na Springbok)
- Hermanus/ Bredasdorp Omgewing
- Saldanha / Vredenburg Omgewing
- Ceres / Tulbagh Omgewing

**Nuwe Roetes:**

- **Gauteng (via Vryburg & Klerksdorp)**
- **Bloemfontein (via Prieska & Kimberley)**

Die diens word verskaf aan die meeste dorpe op bogenoemde roetes.



**Vir meer inligting skakel:**
**JAN THEART by 082 926 9694**
**Eenhede 3,4 & 5 Tee Jay Straat**
**Everite Park, Brackenfell**
**Tel: 021 982 8588**
**E-pos: accounts@netwerkkoeriers.co.za**




**Gemsbok**

Contact us:
Tel: 054 332 6017 Fax: 054 332 3055
E-mail: mailbag@gemsbok.co.za
Address: 60 Dr Nelson Mandela Drive, Upington

**Code of Conduct**

The Gemsbok proudly displays the "FAIR" stamp of the Press Council of South Africa, indicating our commitment to adhere to the Code of Ethics for Print and Online media which prescribes that our reportage is truthful, accurate and fair. Should you wish to lodge a complaint about our news coverage, please lodge a complaint on the Press Council's website, www.presscouncil.org.za or email the complaint to enquiries@ombudsman.org.za. Contact the Press Council on 011 484 3612.

Press Council FAIR

**Publisher**

Published by North West Newspapers (Pty) Ltd;
and printed by North West Web Printers (Pty) Ltd a division of CTP Limited, 13 Coetzer Street. All rights and reproduction of all reports, photographs, drawings and all materials published in this newspaper are hereby reserved in terms of Section 12 (7) of the Copyright Act No 96 of 1978 and any amendments thereof. North West Newspapers will assume no responsibility with regard to copyright of material submitted for publication by advertisers/readers. All artistic or creative work, photographs and advertising material submitted for publication are regarded exempt from all liability/claims by third parties.

North West Newspapers

Note: Clients, readers, participants and advertising agents guarantee that the reproduction of text and/or images provided to the media company for advertising purposes contravenes neither copyright legislation nor any other law.

# LSSA National Wills Week 2023

**The LSSA National Wills Week will take place from 11-15 September 2023**

**Why must you have a will?**
By making a will you ensure that your assets are disposed of in accordance with your wishes after your death. This privilege is called "freedom of testation".

**Why should an attorney draft your will?**
Attorneys are professionals qualified in law. An attorney can advise you on any problem which may arise with regard to your will. An attorney has the necessary knowledge and expertise to ensure that your will is valid and complies with your wishes.

Often a will is not valid because the person who drafts it does not have the necessary legal knowledge to ensure that the requirements of the law are met.

**What happens to your estate if you die without a valid will?**
If you die without leaving a valid will, your assets will be distributed according to the provisions of the Intestate Succession Act. The provisions of this Act are generally fair and ensure that your possessions are transferred to your spouse and children, and where applicable, to siblings, parents, and if required, then to the extended family in terms of degrees of relationships and those that were dependent on you for financial support.

**BUT, the following problems may arise if you die without leaving a will:**
Your assets may not be left to the person of your choice.




It can take a long time to have an executor appointed. The executor who is appointed may be somebody you may not have chosen yourself.

There can be extra and unnecessary costs.

